**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 20/03 2024

Geagte Ouers/Voogde

1. **Uit die kantoor:**
   Ons het aan die einde van die eerste kwartaal gekom en is dankbaar vir die seën wat ons ervaar het. Die kwartaalprogram was lekker vol, maar ons leerders en personeel het baie daarby gebaat.

   Die personeel, ouers en gemeenskap is baie trots op ons leerders wat goed gevaar het op sport- en kultureleaktiwiteite Net weer 'n bewys dat harde werk beloon word.

   Baie geluk aan ons leerders wat akademies goed presteer het. Goeie prestasies val nie uit die lug nie, maar verg harde werk, toewyding en dissipline. Die leerders wat nie die slaagevereistes behaal het nie, jy kry nog 'n geleentheid om in kwartaal twee te verbeter. Ons glo in elke kind en sal altyd geleenthede skep vir ons leerders om geestelik en holisties te ontwikkel.

   Aan die beheerliggaam, personeel, borge, OOV en ons ouers, baie dankie vir die ondersteuning en samewerking. Ons waardeer dit.

   Ons as Langkloof-gemeenskap het weereens hierdie kwartaal besef dat die God in wie ons glo, alles ten goede laat meewerk vir HS McLachlan en ons eer Hom daarvoor.

   Geniet die paastyd.

2. **Personeelaangeleenthede:**
   Groot dank aan mnr. Francois van Zyl en mev. Jozelle Steenkamp wat hierdie kwartaal ingestaan het vir die vakante Wiskunde/Fisiese Wetenskappepos. Ons het groot waardering daarvoor.

3. **Kermis, 13 April:**
   Alle leerders ontvang vandag 'n briefie i.v.m. die jaarlikse kermis in hul rapportkoeverte. Lees dit asb. sorgvuldig deur en stuur die afskeurstrokie saam met u donasie teen Vrydag, 5 April, terug skool toe.

   Dankie dat ons op u samewerking kan staatmaak.

herotel

4. **<u>Merietelys – kwartaal 1</u>:**

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| Gr. 4 | Frané Strydom | Mckayla Baldie | Amy Labuschagne | Stefanie v.Greunen<br>Lika Vorster | Juané Oosthuizen |
| Gr. 5 | Nehan Johnston | Igné Ferreira | Tertius Kritzinger | Alexis Vermeulen | Stewart Wright |
| Gr. 6 | Eric Greeff | Waldo Strydom | Alexander Baldie | Janko Murray | Marthinus Lewis |
| Gr. 7 | David Baldie | Matthys Wright | Stefan Basson<br>Lisa Swart | Amoné Botha<br>Dillen Oelofsen | Khloé Barnard |
| Gr. 8 | Lilitha Ferreira | Alana Johnston | Kaylee Barnard | Jumaré Murray | Nikita Alberts<br>Jurie Kritzinger<br>Nicola v. Jaarsveld |
| Gr. 9 | Robby Stamps | Luzaan Venter | Amish Roberts | Alex Kritzinger | Megan Le Vack |
| Gr. 10 | Amoré Pietersen | Lerissa Lubbe | Miclaire Stuurman | Feyolin Kapank | Shané Qwazi |
| Gr. 11 | Ria-Mi Ferreira | Anlea Ferreira | Suné Thalie | Shanique Bruinders | Jayden Zivale |
| Gr. 12 | Elanie Kritzinger | Emelee Smith | Arné Oelofsen | Sesihle Khova | Kara Roberts |

5. **<u>Finansies</u>:**

Skryfbehoefte- en kopieerkoste behoort nou alles vereffen te wees. Koste is as volg:

- <u>Skryfbehoeftes</u>: Graad 1: R510,00
  Graad 2: R410,00
  Graad 3: R370,00

- <u>Kopieerkoste</u>: Graad 1 tot 12: R580,00

Skoolfondsrekeninge vir Maart is uitgehandig. Ons doen 'n beroep op u om asb. skoolfonds te betaal.

6. **<u>Kermis, 13 April</u>**:

Alle leerders ontvang vandag 'n briefie i.v.m. die jaarlikse kermis in hul rapportkoeverte. Lees dit asb. sorgvuldig deur en stuur die afskeurstrokie saam met u donasie teen Vrydag, 5 April, terug skool toe.

Dankie dat ons op u samewerking kan staatmaak.

7. **<u>Sport</u>:**

- <u>Hoërskoolatletiek</u>

  Baie geluk aan die twee atlete wat tydens die Hoërskool Oos-Kaapse atletiek-kampioenskappe medaljes ontvang het.

  Lilitha Ferreira D 0/14 Eerste plek in spiesgooi
  Tweede plek in gewigstoot

  Kelvi-Nay Corneelse D 0/14 Derde plek in verspring.

  Ons wil ook vir mnr. Vermeulen en mnr. Corneelse, wat vir die leerlinge vervoer verskaf het, hartlik bedank.

- <u>Laerskoolatletiek</u>:

  Hoërskool McLachlan spog met twee Oos-Kaap atletiekkampioene! Ons is baie trots om aan te kondig dat, Taylin Kapank, 0/10-dogter en, E.J. Meyer, 0/12-seun die Oos-Kaap in Polokwane, by die Suid-Afrikaanse atletiekkampioenskappe op 24 tot 26 Maart gaan verteenwoordig. Hierdie atlete het albei kwalifiserende tye behaal.

herotel

Taylin sal aan die 80 m, 100 m en verspring deelneem, terwyl E.J. aan die 75 m hekkies gaan deelneem.

Ons personeel en afrigters is ongelooflik trots op hierdie twee laerskoolatlete. Baie geluk!

- Die 0/13-rugby en –netbal het Maandag, 18 Maart, teen HS Douglas gespeel. Die rugby het 31-24 gewen en die netbal het 12-11 gewen.

- Die 0/13's het deelgeneem aan die Kirkwoodsportdag. Die rugby het teen HS Kirkwood gewen en die netbal het 3 wedstryde gewen en 1 verloor.

- Die 1ste netbalspan vertrek Donderdag, 21 Maart, na P.E. om aan die NMU netbaltoernooi deel te neem, wat oor 'n tydperk van 3 dae plaasvind. Hulle speel in totaal 12 wedstryde.

- Tennis:<br>Vrydag, 5 April: Hoërskool en laerskool teen Paul Sauer [tuis]

- Skaak:<br>Vrydag, 5 April: Hoërskool en laerskool teen Paul Sauer [tuis]

- Rugby en netbal: 0/7- tot 0/19-spanne:<br>Saterdag, 6 April: Apple Sauer Derbydag [tuis]

C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

herotel
McLachlan Internet Fasiliteit